

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JULIE
2015



Toediening van kalk – stof tot nadenke

Die toediening van kalk is dikwels die meesverwaarloosde grondpraktyk by boerdery. Ons is geneig om hierdie belangrike aspek in die maksimering van die opbrengspotensiaal van ons grond mis te kyk. Dit gaan egter nie net oor korttermyn opbrengs en wins nie. Grond is die enigste konsekwente natuurlike hulpbron wat vir die boer beskikbaar is en dit moet bewaar word. Dit kan nooit vervang word nie. Wanneer dit misbruik word, kan dit baie duur wees om te herstel. In ernstige gevalle kan dit te laat wees en kan lei tot onomkeerbare toestande – gronderosie en verwoestyning.

Die doel van hierdie artikel is om stof tot nadenke te voorsien in gewone terme. Die fyner tegniese besonderhede en wetenskaplike formules kan geïdentifiseer word in oorleg met kenners – grondontleidings en kunsmisabevelings. Konsulteer met hulle!

Die vlak van suur/alkaliniteit in die grond word weerspieël deur die wetenskaplike term pH. Ons hoor dikwels die woord wanneer ons grondmonsters, ensovoorts bespreek. 'n Hoë pH het minder suur as 'n lae pH (hoe hoër hoe beter). 'n pH van 5,5 of hoër vir bogrond en 4,8 vir ondergrond, is wenslik vir die meeste

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

04 | Graan SA tevrede met suksesvolle NAMPO 2015

10 | Sonneblom of sojabone... om te plant of nie te plant nie

12 | Graan SA gesels met... Henry March





OUMA JANE SÊ...

Oestyd sal hierdie maand afgehan-del wees en ek glo dat baie van julle bly sal wees oor die opbrengs wat julle behaal het. Ons is jammer vir diegene wat hard gewerk het en nie daarin geslaag het om hierdie jaar 'n oes af te haal as gevolg van die droogte nie. Ons hoop dat jy weer in staat sal wees om te plant in die komende seisoen.

Nie alle mense in ons land het toegang tot dieselfde hoeveelheid grond nie – sommige mense het toegang tot 1 hektaar of 2 hektaar en ander het toegang tot honderde hektaar. Dit is die realiteit van ons land en ook ander lande. Dit is egter vir elkeen van ons moontlik om die grond wat ons beskikbaar het, goed te gebruik – dit maak nie saak hoeveel grond jy het nie, wat belangrik is, is hoe jy dit gebruik.

Ons was hierdie jaar, deur ons bestaans-boerprogram wat ons met die hulp van die LNR, Monsanto en Omnia geïmplementeer het, in staat om 855 boere te help om hul 1 hektaar met behulp van die mees moderne praktyke en insette te plant. Elke boer in die projek het meer as dubbel die vorige opbrengs behaal. Dit is nie baie as ons sê dat elke boer 4 ton mielies geproduseer het nie. In terme van die nasionale produksiesyfers, is dit nie baie nie. Maar as daardie boer net 2 ton in die verlede gehad het en nou 4 ton, is dit 'n groot verbetering. Dit beteken dat die boer huis-houdelike voedselsekuriteit het, sy/haar vee kan voer en ook aan die bure of die plaaslike mark kan voorsien. Dit is vordering en dit is ook kommersiële boerdery.

Ek wil graag 'n beroep op elke Pula Imvula leser doen – gebruik die grond wat jy beskikbaar het vanjaar tot die beste van jou vermoë – neem jou grondmonsters, bemes korrek, gebruik die beste saad wat jy kan bekostig en onthou om die onkruid te beheer, omdat hulle jou vyand is. Indien ons almal die beste doen wat ons kan, met wat ons het, sal ons hele nasié daarby baat.

Toediening van kalk – stof tot nadenke

gewasse. (Grond met 'n pH van 4 het 100 keer meer suur as grond met 'n pH van 6).

Ons kry almal op 'n stadium in ons lewens sooi brand of slegte spysvertering. Dit is gewoonlik as gevolg van oormatige maagsure, wat veroorsaak word deur die tipe, of 'n kombinasie van kos wat ons eet. Wanneer dit gebeur, voel ons ongemaklik. Ons verloor ons aptyt en energie. Ons is nie in staat om effektief te funksioneer nie. Wat doen ons dus? Ons drink 'n teensuurmiddel of suig 'n Rennie om die suur te neutraliseer. Slegs wanneer die ongemak bedaar, is ons in staat om weer op ons beste te funksioneer.

Grond is amper soos ons mae – dit gebruik water om al die organiese materiaal en ander kunsmis wat beskikbaar is, af te breek. Dit stel die plant in staat om voedingstowwe te absorbeer. Indien daar te veel suur in die grond is, is die plant nie in staat, of is onwillig om voedingstowwe (fosfate) te onttrek. Met verloop van tyd veroorsaak die toediening van chemiese kunsmis, tesame met die onttrekking van verskillende voedingstowwe in die grond deur die plant, dat die suurgehalte styg. Tegniese voorbeeld: Stikstof word omgeskakel na nitrate en waterstofione in die grond. Wanneer die plantwortels nie in staat is om nitrate te onttrek as gevolg van suur en om dit in die wortelsone te hou nie, sal die nitrate uiteindelik wegloog. Dit laat slegs die waterstofione agter – wat verdere verhoging van suur veroorsaak.

Bewerkingspraktyke speel 'n rol by pH-vlakte. Wanneer die grond omgekeer word, soos met ploeg, word die natuurlike prosesse van die organiese elemente in die grond versteur. Dit affekteer natuurlike ontbinding, wat op sy beurt 'n invloed kan hê op die suur. Ander faktore wat 'n uitwerking op die pH kan hê, is: hoë reënval, hoë opbrengs, grondtipes, onvoldoende/oormatige of verkeerde kunsmis en die tipe gewas aangeplant.

Dus, net soos met ons mae, wanneer dit nodig is, moet ons die situasie regstel en 'n teensuurmiddel toedien in die grond – kalk.

Daar is twee verskillende soorte kalk – **landboukalk**, wat meer algemeen gebruik word en **dolomietiese kalk** wat in grond met 'n magnesium tekort toegedien word. Die kundiges wat die grondontleding doen, sal in staat wees om jou te adviseer oor wat en hoeveel om te gebruik op elke land. Dit kan wissel van 500 kg/ha tot 2,5 ton/ha, of meer.

Kalk reageer veel stadiger as kunsmis en moet toegedien word voor bewerking – en

ingewerk word in die grond. Kalk kan enige tyd van die jaar toegedien word, maar verkiesslik moet dit lank voor plant gebeur, sodat die kalk kans kry om in die grond te reageer. Die optimum voordele is egter langtermyn en kan gewoonlik net gesien word gedurende die volgende seisoene.

Die prys van kalk is op sigself nie so duur nie, maar vervoerkoste uit die myn na die plaas is baie hoog. Vervoerkoste wissel afhangende van die afstand van die plaas na die myne. Baie boere het nie hul eie verspreiders nie en moet gebruik maak van kontrakteurs. Baie boere is geneig om hierdie uitgawes en die bykomende werk te sien as onnodig en problematies.

Die korrekte pH MOET egter die vertrekpunt vir enige boerdery wees – dit is die fondament waarop ons ons gewasse bou. 'n

Swak fondament is 'n resep vir 'n langtermynramp. Sonder 'n stewige fondament gooi ons ons geld weg – die meeste, indien nie al die kunsmis wat toegedien is, word ondoeltreffend en vermors.

Sonder water kan 'n plant nie oorleef nie, maar niks oorleef op water alleen nie – met 'n suur fondasie is die plant nie in staat om die voedingstowwe te absorbeer nie, maak nie saak hoeveel water daar is nie!

Die enigste manier om die suurheid en die geneesmiddel te bepaal, is met grondanalise. Indien die kalkvereiste oormatig vir 'n enkele toediening is, mag dit nodig wees om kalk oor 'n tydperk van twee jaar toe te dien. Sodra die vereiste pH bereik is, is dit noodsaaklik om te verseker dat optimale vlakte gehandhaaf word, sodat die boer die grond elke alternatiewe jaar kan toets, of na 'n ongewone opbrengs of reënvalseisoen.

Onthou, die toediening van kalk is nie 'n vinnige oplossing nie. Die voordele is slegs duidelik oor die langtermyn, met die voorwaarde dat die pH-vlakte elke seisoen teen optimale vlakte in stand gehou word.

Ter afsluiting – hier is stof tot nadenke – behandel die grond met dieselfde respek as wat jy jou eie maag sou behandel. Wees versigtig dat jy die korrekte kos gee, en assieblief, maak seker dat dit nooit sooi brand sal kry nie!

**Arikel verskaaf deur Raymond Boardman,
Boer, Konsultant en Mentor van Ventersdorp,
Noordwes Provincie. Vir meer inligting, stuur
'n e-pos na rboardman@gmail.com.**

Pas kennis toe om hoë gehalte produkte te produseer

Boerdery besigheid is om produkte wat mense nodig het, teen 'n wins te produseer deur die kombinasie en die verwerking van die vier produksiefaktore, naamlik grond, kapitaal, arbeid en bestuur, in bruikbare produkte soos voedsel en/of vesel.

Onthou in ons reeks artikels oor bestuur, was een van die beginsels wat ons beklemtoon het dat alles en almal wat betrokke is by die boerdery, hetsy dit die eienaar/bestuurder, of werknemers, doen of nie doen wanneer dit nodig is nie, die wins/verlies van die besigheid beïnvloed.

Kwaliteit word gedefinieer as die mate van uitnemendheid van iets soos gemeet teen ander soortgelyke dinge. In terme van landbouprodukte verwys kwaliteit basies na die uiterlike voorkoms van 'n produk – lyk dit mooi, goed, vars, gesond en aantreklik? Aan die binnekant, is dit gesond, het dit goeie voedingswaarde en smaak dit goed? Op die oomblik word produkte hoofsaaklik op grond van hul voorkoms buite geëvalueer. Maar as gevolg van die ontwikkeling van moderne tegnologie is dit steeds meer en meer moontlik om ook die innerlike eenskappe van produkte te meet, soos soetheid, sagheid, suikerinhoud, ensovoorts.

Kwaliteit van produkte word geraak deur 'n aantal faktore soos klimaat, die grond, metode van produksie, oes, verpakking en vervoer. Die gevolge van klimaat is die moeilikste om te bestuur. Die produksieproses is egter hanterbaar. Byvoorbeeld: Hoe effekief is jou onkruidbeheer? Beheer van peste en siektes? Oesproses? Bemarkingsproses? Met ander woorde, is alles wat nodig is, betyds en korrek gedoen om 'n kwaliteitproduk te lewer?

Natuurlik sal die vraag gevra word – "Hoe produseer ek kwaliteit produkte?" Die antwoord begin met kennis.

Eerstens moet jy jou plaas en hulpbronne leer ken. Watter tipes grond is daar op my plaas? Wat is die voedingstatus van die grond? Hoeveel en watter water is beskikbaar? Is die water geskik vir die produksie van gewasse? Of is my plaas basies 'n droëland plaas? Wat is die reënval en verspreiding van die reënval gemiddeld oor die langtermyn? Die fisiese hulpbronne is 'n belangrike bepalende faktor van die produk/te wat op 'n plaas geproduseer word en ook van die kwaliteit daarvan.

Tweedens moet jy soveel kennis as moontlik oor die produk/te wat jy produseer verkry – van die voorbereiding van die saadbed tot

“*Kwaliteit word gedefinieer as die mate van uitnemendheid van iets soos gemeet teen ander soortgelyke dinge.*

oes, bemarking en moontlike waardetoevoeging. Besoek boeredae, woon kursusse by, kry die hulp van 'n mentor, ens. Onthou asseblief dat dit 'n lewenslange proses is. Ons is in 'n ewig-veranderende, vooruitstrewende en lewendige bedryf en jy moet op hoogte bly van die nuutste verwikkelinge – **'n boer bly lewenslank 'n student.**

Jy moet ook die nodige vaardighede bekom om die produk/te te produseer. Vaardighede om die saadbed behoorlik voor te berei, die planter in te stel, om toerusting te gebruik en aan te pas, om die produk te oes, te verpak, te vervoer en af te lewer.

Jy benodig ook behoorlike toerusting wat 'n groot probleem kan wees as gevolg van die kapitaal benodig. Maar **"n Boer maak 'n plan."**

Met alles wat gesê is, is dit 'n feit dat jy as boer moet doen wat jy moet doen, op die regte tyd en op die regte manier. Indien jy enige aspek verwaarloos, sal dit die kwaliteit van die produk/te wat jy produseer beïnvloed en daarom die wins/verlies van jou besigheid.

Daar is 'n paar maniere om jou produk/te te bemark – plaashek verkope, plaaslike verkope, fabriekkontrakte, varsprodukte markte, direkte verkope (soos lewering aan 'n supermark), waardetoevoeging en uitvoer. Die mark vereis gehalteprodukte en hoër gehalte produkte behaal beter prys.

Die mark is 'n moeilike kalant. Hy vra nie waar die produkte vandaan kom nie. Hy wil kwaliteit produkte aan sy kliënte/verbruikers voorsien. As jy hom voorsien met kwaliteit produkte, sal hy reageer met beter prys. Hou in gedagte dat die mark steeds strenger word as gevolg van die druk van verbruikers met betrekking tot omgewingsvriendelike en gesonder produksieprosesse. As 'n resultaat daarvan, is dit 'n realiteit om produkte na te speur – waar kom die produk vandaan en hoe word dit vervaardig – is dit vol chemikalieë? Daar kan alreeds sommige produkte nage-speur word en lewering van swak produkte sal gepenaliseer word.

'n Laaste gedagte, dit is van die uiterste belang om die mark gereeld te besoek om

kennis te neem van wat gebeur (hanter hulle jou produk met sorg?), waar te neem wat ander boere doen, te leer uit die mark en terug te gaan om hierdie lesse toe te pas. Daar is geen beter plek om te leer oor vervoer, toegang tot die mark, gradering, verpakking, sortering, aanbieding en bowenal, gehalte nie.

Ten slotte, daar is geen beter inspekteur van gehalte as die koper in die mark nie. **Om suksesvol te wees, moet jy kwaliteit produkte produseer.**

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@macc.co.za.**





Graan SA tevreden met suksesvolle NAMPO 2015



'n Afvaardiging van Nuwe Era-boere van die Wes-Kaap. Van links: Jane McPherson (Graan SA), Jannie Jonas (Robertson), Roderic Duminy (Genadendal), Augustin Maarmann (Goedverwacht), Ulrich Engelbrecht (Goedverwacht), Ewan Mathews (Saaron), Whernit Dirks (Piketberg), Samantha Smiles (Elim), Henry March (Hopefield), Belinda Collins (Goedverwaght), Urban Simons (Bredasdorp), Liana Stroebel (Graan SA), Byno Huffel (Ceres) en Willie Job (Robertson).



n Kombinasie van die nuutste landboutegnologie, produk-verskeidenheid, innovasie, gesprekvoering, netwerkgeleenthede, landbou-gasvryheid en ideale weersomstandighede het gesorg dat NAMPO 2015, wat van 12 tot 15 Mei buite Bothaville in die Vrystaat plaasgevind het, sy reputasie gestand gedoen het as Suid-Afrika se vertoonvenster van landbou.

Graan SA, organiseerder van die NAMPO Oesdag, is tevreden met hoe dié 49ste Oesdag afgeloop het en uitstallers se terugvoer dui op goeie belangstelling deur vanjaar se 69 584 besoekers.

Nuwe toevoegings, soos die saadplotte, tentehotel en die trekker-en-waentjie-vervoerstelsel, was doeltreffend en het 'n positiewe bydrae gelewer. Ten spyte van tandekryprobleme het die elektroniese toegangskartjiesysteem goed gewerk. 'n Basis is vanjaar gelê met die

NAMPO-rekenaartoep (app) wat aan uitstallers en besoekers bekendgestel is en wat verder ontwikkel en bemark sal word. Graan SA was ook tydens die Oesdagweek aktief op die sosiale media-netwerke en dié medium is benut om intydse foto's en inligting te publiseer en algemene navrae te beantwoord.

"n Mens verwag dat die droogte tans die gemoedstemming van produsente bepaal. Tog het ons meer kommervrae oor grondhervorming ontvang as oor die droogte," het Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA, gesê.

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Senzeni Zokwana, het NAMPO 2015 bygewoon om deel te neem aan 'n Nasie in Gesprek-dialoog oor arbeidsverhoudinge. Grondhervorming en finansieringsmodelle, beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne en die waarde van tegnologiese integrasie was die ander Nasie in Gesprek-onderwerpe waaraan meningvormers






Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA en Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye deel 'n oomblik by NAMPO 2015.



Ongeveer 69 585 mense het NAMPO vanjaar bygewoon.



Opgewonde besoekers by die Graan SA-uitstalling.



Graan SA tevrede met suksesvolle NAMPO 2015

deelgeneem het en met 'n ander beeld van landbou kon huis toe gaan.

"Minister Zokwana se teenwoordigheid was 'n pluimpie vir Graan SA en vir landbou in die breë. Die graanbedryf het waardering daarvoor dat hy deurlopend moeite doen om met kommersiële landbou kontak te maak. Hy is waarskynlik die eerste landbouminister sedert 1994 om die Oesdag te besoek. Dit beklemtoon die NAMPO Oesdag as 'n gesaghebbende platform vir dialoog, gesprekvoering en netwerk geleenthede," het De Villiers bygevoeg.

Graan SA het ook gesprekke gevoer met hoofde van die kommersiële banke, Land Bank en versekeraars oor die herskedulering van graanproduusente se produksieskuld asook insetfinansiering vir nuwe era kommersiële produusente.

Die organisasie trakteer sy lede jaarliks as 'n blyk van waardering vir hul volgehoue ondersteuning. Die ledelokaal – wat verlede jaar opgegrader is – asook gratis toegang en

spesiale parkering, is weer eens effektief deur lede van Graan SA benut.

"Die infrastruktuur op NAMPO Park is oor jare geskep en uitgebred om 'n groot getal besoekers met gemak te hanteer en om uitslaggeriewe van 'n hoë standaard aan uitstallers te kan bied. Selfs die aanloopbaan kon vanjaar 'n totaal van 365 vliegtuie en helikopters oor die vier dae gemaklik hanteer. Graan SA is gerat om aanstaande jaar die 50ste NAMPO Oesdag met trots aan te bied," het Cobus van Coller, NAMPO Oesdag-voorsitter, gesê.

Dié landbouhandelskou vind altyd gedurende die 20ste week van die jaar plaas en sal dus volgende jaar van 17 tot 20 Mei duur.

**Persverklaring uitgereik deur Graan SA.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
johan@grainsa.co.za.**



Besoekers blaai deur die Pula Imvula terwyl hulle 'n ruskansie vat.



Ons was ook trots om die Eerste Minister van Lesotho, Pakalitha Mosisili, te ontvang.



Nuwe Era-boere doen navraag oor 'n stroper.



Hierdie jongboere toon belangstelling in een van die trekkers wat vir opleiding in die Boere-ontwikkelingsprogram gebruik word.






KANOLA

– faktore om te oorweeg van Junie - September



20% van plante kan geaffekteer word deur kool plantluis.



Ruitrugmot skade aan peule.

Kanola is 'n baie belangrike gewas en daar is baie bestuursfaktore wat in ag geneem moet word om 'n sukses van kanola te maak.

Daar is 'n paar peste en siektes wat belangrik is en dit moet beheer word, want hierdie siektes en peste het 'n groot invloed op die opbrengs van kanola.

Siektes

Swartstam (*Leptosphaeria* spp.)

/ *Phoma* lingam)

Hierdie siekte is baie belangrik, want dit het 'n groot invloed op opbrengs. Die regte bestuurspraktiese moet toegepas word om die negatiewe uitwerking van die siekte te verminder.

Daar is tans twee swamdoders wat op kanola geregistreer is vir die beheer van swartstam. Hierdie swamdoders moet gespuit word tussen die 4 - 6 blaarstadium van die plant.

Stamvrot (*Sclerotinia sclerotiorum*)

Hierdie siekte word meer belangrik, want die hektare aangeplant onder kanola is veel meer as 'n paar jaar gelede.

Sclerotinia het 'n baie wye verskeidenheid gashere en val onder andere lupiene, sojabone en sonneblom aan. Die simptome verskyn tydens blom of daarna.

Die volgende toestande moet vir 'n *Sclerotinia* uitbraak teenwoordig wees. Nat toestande

op die grondoppervlak vir ten minste 10 dae gedurende die middel tot laat winter, met temperature tussen 10°C - 15°C, vir *Sclerotinia* om te ontkiem en die spore vry te laat. Warm klam toestande met temperature tussen 20°C - 25°C vir ontwikkeling van kolle op die stam.

Die mees kenmerkende simptome van die siekte kom voor aan die onderkant van die stamme van plante. Lig gebleikte kolle met effens grys gedeeltes in die middel kan gesien word op die stamme, gewoonlik by die punt van aanhegting van die blare of sytakke.

Die swam vorm nie spore op die geaffekteerde plante nie, maar 'n digte bondel wit drade waar die *Sclerotinia* in die stam gesien kan word. Die *Sclerotinia* kan vir tot sewe jaar in die grond oorleef. Dit is baie belangrik om wisselbou toe te pas met nie-gasheer gewasse soos gars, koring en hawer om die voorkoms van *Sclerotinia* stamvrot te verminder.

Insekte

Kool plantluis (*Brevicoryne brassicae*)

Die kool plantluis is tans 'n primêre spesie wat op kanola voed. Kanola is uiter sensitiief vir plantluis besmetting gedurende die vroeë groei stadium. Swaar besmetting gedurende die blom en peulvorming stadium kan blomvorming verhoed en die vorming en vulling van peule ernstig benadeel. Dit het 'n groot invloed op opbrengs. As vogstremming voorkom, is dit belangrik om kanola te beskerm teen plant-

luise. Drempelwaardes: 20% van die plante is besmet.

Ruitrugmot (*Plutella xylostella*)

Dit is 'n insek wat algemeen onderskat word en die skade wat gedoen word, is meer as wat ons dink.

Afhangende van die omgewingstemperatuur, word die volwasse insek (mot) gewoonlik opgemerk tydens die stamverlenging fase. Die liggroen larwe vreet gate in die blare. Peule word ook aangeval, maar die skade is gewoonlik oppervlakkig en peule word selde binnegedring. Beskadigde peule is egter geneig om makliker te breek. Daar is meer as een generasie per seisoen.

Drempelwaardes: Middel tot laat blom: 17 - 23 larwes per 10 plante. Peulvulling: 43 - 57 larwes per 10 plante.

Steekproefneming is baie belangrik om hierdie insekte vroegtydig op te spoor en dit te beheer. Wanneer die temperatuur hoog is, is die Ruitrugmot geneig om baie vinnig te vermeerder. Konsekwente en gereelde inspeksies is baie belangrik om hierdie insekte te beheer om die uitwerking op opbrengs te verminder.

Artikel verskaf deur Jannie Bruwer,
Bayer Gewaswetenskappe Areabestuurder,
Suid-Kaap. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jannie.bruwer@bayer.com.



Sluit sonneblom by wisselbou in vir stabiliteit

As gevolg van die diep wortelstelsel van sonneblom, sal jy vind dat hulle beter sou presteer het as enige ander gewas op jou plaas gedurende moeilike droë jare soos die een wat ons nou net ervaar het. Hulle is baie droogtebestand en kan uiters voordelig wees om te help om die insette van 'n mislukte oes te dek.

As gevolg van die diep wortels van sonneblom, moet jy egter die vog wat uit die grond onttrek word, in ag neem. Wisselboubestuur moet dienoorde en komstig geïmplementeer word.

Sonneblom groei baie vinneriger as mielies en kan dus later geplant word as mielies. Die afgelope seisoen het ons opgemerk dat baie meer boere sonneblom aanplant weens die laat reëns. Baie van die mielieoes kon nie geplant word as gevolg van die tekort aan tyd nie. Hierdie dilemma kon 'n bedekte seën vir baie boere gewees het, omdat 'n groot persentasie van die mielies wat vanjaar geplant is, skaars iets geproduceer het. Sonneblom aan die ander kant, sou steeds 'n oes gelewer het. Dit sou nie 'n rekordoes gewees het nie, maar ten minste sou dit die moeite wêreld wees om 'n stroper deur die land te sit. Ons as boere kan baie leer gedurende 'n jaar soos hierdie.

- Ons kan leer hoe om vog te bestuur.
- Ons kan leer hoe om te beplan vir toekomstige droogtes.
- Ons kan die waarde van gewas diversifisering leer.
- Ons kan die waarde leer daarvan om 'n land te laat braak lê.
- Ons kan die waarde van finansiële bestuur leer, veral die bestuur van ons finansies gedurende tye soos hierdie.

Hoewel die meeste boere, veral in die westerlike streke van die land, 'n groot knou gekry het hierdie jaar, is daar baie wat ons kan leer van 'n droogte. Indien jy gelukkig genoeg is om voort te gaan om volgende seisoen sake te doen, moet jy dit wat jy geleer het gedurende die afgelope maande, implementeer in jou toekomstige besigheidsplan.

Deur die insluiting van sonneblom in jou wisselboustelsel, sal jy stabiliteit en 'n bietjie sekuriteit byvoeg. Dit is duidelik dat ek nie sê dat jy alles onder sonneblom moet aanplant in die komende seisoen nie, nee. Maar wat ek voorstel is om 'n persentasie van jou lande aan te plant onder sonneblom. Ek stel ook voor dat 'n persentasie van jou lande braak lê. Hou hulle mooi en skoon deur die somermaande en die volgende seisoen sal jy 'n groot verskil sien in die opbrengs wat jy behaal.



1

Foto 1: Goeie plantpopulasie.

Foto 2: Gesonde sonneblomplante wat besig is om op te kom, kwesbaar, maar sterk.

Foto 3: Die resultaat daarvan om dinge reg te doen.



2

as gevolg van vog wat bewaar is. Dit is veral van toepassing op sanderige grond.

Wat moet ek dus nou doen?

Teen hierdie tyd behoort jou sonneblomoes geoes en bemark wees. Indien jy die vermoë het om jou sonneblomoes te stoor, kan dit 'n goeie idée wees om te wag tot Desember wanneer die prys waarskynlik op hul hoogtepunt sal wees. Natuurlik sal dit in 'n jaar soos hierdie moeilik wees om dit te doen, omdat ons almal alle kapitaal wat ons kan kry, benodig.

Gebruik die stil maande om jou lande gereed te kry vir die volgende plantseisoen. Nadat die beeste alles gevreet het wat daar is om te vreet op die geoesde sonneblomlande, is dit gewoonlik 'n goeie idee om dit te rol met 'n stronkekapper. Dit sal die oorblywende stingels stukkend sny sodat jy 'n fyner saadbed kan hê vir die volgende oes.

Jou vermoë om te beplan vir taai jare wat in die toekoms kom, kan die sukses van jou boerdery bepaal. As jy die lesse wat jy die afgelope jaar geleer het in gedagte kan hou, kan jy voorbereid wees om te oorleef in die volgende droogtejaar wat kom. Wie weet, dalk is die volgende seisoen ook droer as normaal. Kom ons hoop egter nie so nie. ☺



3

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer
inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.**



Sonneblom of sojabone... OM TE PLANT OF NIE TE PLANT NIE



Vroeë en behoorlike voorbereiding van jou grond is belangrik om optimale saadontkieming, groei en opbrengs te verseker.

Die 2014/2015 produksieseisoen was vir boere baie moeilik, met nat en droë tydperke wat afgewissel het buite normale patronie. Die toestande tydens die vroeë aanplantingstydperk in sommige gebiede was goed, met nat grond wat goeie ontkieming en goeie stand van sojabone verseker het.

In baie gebiede het warm en koel dae na ontkieming voorgekom saam met baie koue nagte gedurende vroeë en middel November. Nodulevorming is vertraag en die gewas het nie genoeg konstante hitte-eenhede in die kritieke eerste 3 - 5 weke na plant gehad nie. Saam met die mid-seisoen droogte het sojaboonlande 'n aan en af groeipatroon gehad. Onder hierdie omstandighede was opbrengste gemeng, om die minste te sê, met baie ligte pitte gedurende later aanplantings. Pitte het 'n gemiddeld van 0,7 gram geweeg. Selfs in die vorige slechte jare het pitte 'n gewig van meer as 0,11 gram gerealiseer. Sommige lande het slegs 0,35 ton/ha onder hierdie toestande gerealiseer.

In spesifieke produksie areas het plante teruggehou gedurende die middel van die somerdroogte en toe almal saam geblom gedurende vroeë Maart. Sommige kultivars het 21 dae later geblom as wat verwag is van die kultivar hitte-eenhede of groeidae verwag.

Marktoestande en geraamde produksie

Met behulp van die inligting wat deur Sagis en die Oesskattingskomitee voorsien is, kan dit gesien word dat die oppervlakte wat met sojabone aangeplant is gedurende die 2014/2015, toegeneem het met 184 000 hektaar tot 687 300 hektaar, met 'n oesskatting van 942 850 ton teen 'n beraamde gemiddelde opbrengs van 1,37 ton/ha. Die bydrae van die provinsies tot die oppervlakte aangeplant, was 104 000 hektaar in

die Vrystaat, Mpumalanga 42 000, Noordwes 16 000, Gauteng 10 000 en KwaZulu-Natal 7 000 hektaar, met die ander wat konstant gebly het.

Tydens 'n ondersoek van die Kommoditeits Afgeleide Safex Mark, kan gesien word dat sojabone se toekomstige pryse wissel van R4 835 vir Mei 2015 tot R5 113 vir Desember 2015. Die toename is meer 'n weerspieëeling van die stoor en hanteringskoste as vraag en aanbod kragte. Gebruik hierdie toekomstige pryse in jou huidige bruto marge vergelykings.

In baie distrikte is die toename bygedra deur boere wat sojabone vir die eerste keer aangeplant het. Soos in al die mens se strewe, werk die eerste poging nie gewoonlik uit soos beplan nie. Die bestuur en plant van sojabone in die besonder binne 'n sekere optimale aanplanting, vereis deeglike beplanning.

Lesse wat geleer kan word uit hierdie seisoen en toegepas kan word tydens die 2015/2016 seisoen

Die opbrengste wat vanaf elke land gerealiseer word moes aangeteken word, asook die resulatate van die verskillende kultivars aangeplant. Baie nuwe toetreders tot die produksie van sojabone word sterk aangeraai om verskeie kommersiële kultivars aan te plant, asook saad wat hul gekoop het van hul vriende en bure. Sommige boere, in wat lyk na 'n gejaag om sojabone te plant, het eers tussen 20 en 24 Desember aanplantings voltooi. 'n Mens wonder of enige van hierdie aanplantings 'n opbrengs van meer as 'n halwe ton per hektaar behaal het.

Dit is absoluut noodsaaklik om die korrekte kultivar vir die grondpotensiaal en klimaat in jou area te kies. Dit kan aangevoer word dat plant na die 15de November vir selfs medium en kort seisoen kultivars in die Vrystaat hoogs riskant is. Die plant het net nie genoeg tyd om genoeg

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

"Occasionally ask: "What is the connection between what I want most in life and anything I plan to do today?"

~ Robert Brault



Sojaboon peule.

groei en hoogte in die plantfabriek te skep om sonenergie te verander in kommersieel lewensvatbare saadopbrengs nie.

Vir interessaantheid, neem sommige van die later saad wat geplant is en laat dit toets vir olie en proteïen-inhoud. Resultate sal 'n baie lae oliepersentasie, minder as 18% en 'n lae proteïen toon. Hierdie faktore moet ook in ag geneem word wanneer rantsoene gemeng word met die saad van hierdie sojabone wat uitgedruk of verwerk is vir olie en soja-oliekoek.

Gevolgtrekking

Dit is belangrik om 'n gedetailleerde bruto marge ontleiding te doen vir al die somergewasse, met inagneming van jou werklike produksie vir sojabone en sonneblom as 'n alternatief. Sonneblom wat geplant word na die 15e November het 1,5 ton/ha opgelewer, en gee 'n bruto inkomste van R7 250 in vergelyking met R1 680 vir 'n 0,35 ton/ha sojabone.

Koop genoeg saad vir beide gewasse, sodat jy kan verander na die aanplant van sonneblom, sou die optimum planttyd vir jou beplante sojaboonoes nie haalbaar is nie. Wees aanpasbaar vir die onseker en veranderende reënvalpatrone van elke seisoen. ☺



'n Jong sojaboonoes op 'n goed bestuurde land.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ▶ www.grainsa.co.za

HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ▶ jane@grainsa.co.za

**REDAKTEUR &
VERSPREIDING**

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ▶ www.infoworks.biz



**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN
DIE VOLGENDE TALE:**

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

**Graan SA Ontwikkelingsprogram
vir Boere**

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ▶ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ▶ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ▶ jeremy@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlaphela Sithole

Vakanj
Mpumalanga (Belfast)

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ▶ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ▶ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ▶ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ▶ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ▶ Cwayita Mpofyi

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ▶ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

Vusi Ngesi
Oos-Kaap (Maclear)
► 079 034 4843 ▶ vusi@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8070 ▶ Sally Constable

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Graan SA gesels met... Henry March

Ontmoet Henry March. Henry is 'n ontwikkelende boer wat boer met graan en vee op Theewatersvlei plaas in Hopefield in die Wes-Kaap. Hierdie passiewolle boer glo indien jy grootgeword het op 'n plaas, sal jou hart altyd op die plaas wees.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Die plaas Theewatersvlei is 1 176 hektaar groot en is gekoop met 'n lening van die Land Bank in 1994. Theewatersvlei word bestuur deur 'n groep van vier lede wat vier families verteenwoordig. Daar is twee hoof ondernemings op die plaas wat graanproduksie (koring, gars, lupiene en hawer) insluit en veeproduksie (skape en beeste).

Wat motiveer/inspireer jou?

Indien jy grootgeword het op 'n plaas, sal jou hart altyd op die plaas wees. Om werkgeleenthede te skep vir die gemeenskap van Hopefield, motiveer my. Ek wil ook die grond en ander natuurlike hulpbronne wat beskikbaar is, optimaal benut. Ek is ook gemotiveerd om te boer op kommersiële vlak.

Beskryf jou sterke- en swakpunte

My sterkpunte behels meganiese, passer en elektriese vaardighede en ek probeer om 'n goeie bestuurder te wees. Ek voel dat 'n swakpunt van ons besigheid is dat ons nog nie al die toerusting het wat nodig is om graan te produseer nie terwyl ons weet ons kan. Ons groei egter stadig maar seker en sal binnekort in staat wees om te begin met die verkryging van sommige van ons eie toerusting.

Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

My opbrengs toe ek begin boer het, was baie swak, ongeveer 0,5 ton/ha. Nou is my gemiddelde opbrengs 2,2 ton/ha.

Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Ek kan my vordering en sukses toeskryf aan harde werk en leer uit my foute. Ons het ook onlangs begin werk met 'n baie goeie mentor en is baie opgewonde oor die pad voren toe.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy graag nog wou doen?

Tot op datum het ek baie opleiding oor varke, beeste en kleinvee ontvang. Ek wil steeds meer leer oor die aanplant van koring en hoe om die grond voor te berei. Opleiding is geskeduleer vir rekordhouing en graanproduksie (koring).

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Wat sou jy graag nog wou bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag onafhanklik boer, produksie van my kontantgewasse verhoog en die dierreproduksie-eenheid optimaliseer.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

Eerstens moet jou hele hart in boerdery wees, want dit verg harde werk, goeie beplanning en baie geduld. Tweedens is dit belangrik om te onthou dat jy nie ryk sal word binne 'n maand nie!

Artikel verskaf deur Liana Stroebel, Provinciale Koördineerder, (Wes-Kaap) van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na liana@grainsa.co.za.

